

**24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 21**

**‘n Laaste onderwysing en dan begin die oorwinningstog**

Aangesien Edom die Israeliete nie wou toelaat om deur hulle grondgebied te trek nie, moes hulle met ‘n wye boog om dié land trek. So beland hulle weer in die woestyn. Dit was ook nie lank nie of die gemor en gekla klink weer op in God se ore. Dit stel God teleur. Dis tog net vir ‘n maand of so dan sal dit weer beter gaan! Verstaan die volk dan nie? Om ons tot insig te bring is tugtiging en beproewinge een van die Here se beste opvoedingsmiddele.

Hierdie keer stuur Hy slange onder die volk in. Baie sterf. Ander is doodsbenoud en waag dit nie om te beweeg nie. Die kamp is in rou gedompel en dit dwing almal tot besinning. Waar kom die slange so skielik vandaan? Wat is God se doel daarmee?

As die volk hul nood by Moses bekla, word ‘n koperslang op God se bevel gemaak. Dit word aan ‘n hoë paal vasgemaak sodat almal dit kan sien. As ‘n slang iemand pik en hy kyk na die koperslang, word sy lewe gered.

Die slange was ‘n les vir die volk om op te hou met hul gekla en gekerm. Maar dit was ook reeds ‘n heenwysing na Jesus Christus. Soos die koperslang verhoog is, sal die Seun van die mens ook verhoog word tot redding vir elkeen wat in Hom glo.

Na hierdie les is die volk gereed om met hul oorwinningstog te begin. Hulle is versoen met God en Hy seën hulle.

*Sing: Psalm 33:11*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*